**STRAND-NOORD**
NG GEMEENTE

**Saam bring ons Christus aan almal**

Eerbied vir God Drie-enig
Standvastigheid
Samehorigheid
Verdraagsaamheid
Omgee

**Sondag 14 September 2025 - Doop**
Erediens & Aanlynboodskap 09:30
Ds Eric Swanepoel
Tema: Hier, daar en oral 2
Geen Kinderkerk of Aandkerk
Deuroffer: Instituut vir Dowes

**Sondag 21 September 2025**
Erediens & Aanlynboodskap 09:30
Ds Leon Marais
Kinderkerk 09:30 Aandkerk 18:00
Deuroffer: Bediening aan Dowes

(vir meer inligting oor die deuroffers - https://www.kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/)

## UITREIKMAAND 2025

| | |
|---|---|
| 31 Augustus | Jacques en Arzu Smith (Turkye) |
| 7 September | EJ en Sané Leach (RSA, voorheen Indië) |
| 14 September | Eric Swanepoel en Tertia Kellerman |
| 21 September | Magdaleen Goosen (Internasionale Studente) |
| 26 September | Pannekoek verkope vir Oekraïne uitreik |
| 28 September | Fokus op Mosambiek |

SAAM BRING ONS CHRISTUS
HIER, DAAR EN ORAL

## Resepte van oor die wêreld

Gedurende Uitreikmaand sal daar elke week 'n resep uitgegee word. Ons wil julle aanmoedig om die resep by die huis te probeer & dan vir ons 'n foto van die eindproduk, of 'n video van die proses te Whatsapp (076 147 3039).
Lekker kook!



## "Bid vir mekaar..."



Ons tree saam in gebed vir die volgende lidmate en hulle families:


- Mari-Alena Potgieter.
- Thys Botha van De Jonghstraat.
- Jossie van Schoor van Maritana.
- Kaelyn Smit van Firlands Meadow.
- Annette Raubenheimer van Maritana.
- Christelma Pretorius.
- Johan Labuschagne van De Vosstraat.
- Leon Mostert van Nieuwenhuysstraat.
- Dedré Botha van De Jonghstraat.

## MANNE-AAND!

Kom kuier lekker saam met 'n kernfisikus!
Datum: Donderdag 2 Oktober 2025
Plek: NG Strand-Noord Kuiersaal
Tyd: 18:30 vir 19:00
Spreker: Gillian Arendse
Daar is slegs 80 kaartjies beskikbaar. Koop joune aanlyn of by die kerkkantoor.

## GETUIENIS AKSIESPAN + MELKTERTKOMMISSIE = OEKRAÏNE UITREIK

Vrydag 26 September verkoop die Melktertkommissie pannekoek ten bate van die Oekraïne uitreik. Bestel jou kaneelsuiker pannekoeke (R8 elk) of jou maalvleis pannekoeke (R20 elk) teen Donderdag 25 September.
Pannekoeke kan 26 September 10:00 OF 16:00-17:30 by die kerkkombuis afgehaal word. Bestel jou pannekoeke aanlyn (https://ngkstrandnoord.co.za/winkel/) of by die kerkkantoor.



## Leesrooster:

14 September: Numeri 21:4b-9; Psalm 98:1-5; 1 Korintiërs 1:18-24; Johannes 3:13-17
21 September: Jeremia 8:18-9:1; Psalm 113; Timoteus 2:1-7; Lukas 16:1-13



# Uitreikmaand Resepte

## Egiptiese Hoender en Aartappelgereg

Marinade - In voedselverwerker maak fyn:

3 uie in stukke gekap

¾ teelepel kardemon

1 ½ teelepel swartpeper

3 knoffelhuisies

2 teelepels sout

'n bietjie water

Marineer 1.2kg hoender vir 4 ure of oornag

Berei groente:

1 groot tamatie gesny in 3mm skywe

1 Soetrissie, Ontpit en sny in ringe van 3 mm

Sny 2 uie in ringe en maak ringe los

Meng uieringe goed met ¼ teelepel sout en ¼ teelepel peper

Skil 1 kg aartappels en sny in skywe van 1 cm

Meng aartappelskywe met 1 teelepel sout en ½ teelepel peper en knoffelvlokkies

Metode:

Pak gegeurde aartappelskywe onder in 'n oondbak

Strooi 'n paar uieringe en soetrissie ringe oor

Pak hoenderstukke op en smeer olyfolie oor

Pak tamatieskywe op hoenderstukke

Strooi die res van die uie en soetrissie oor

Maak toe met foelie

Bak vir 50 min. by 200 grade Celsius

Haal foelie af sodat gereg nog 10 min. kan bak tot bruin

Bedien met rys en groen slaai

